HOËRSKOOL WATERKLOOF

KLOFIEKAN

HET JY GEWEET ...

- 2019: Beste sportberig in Media24 se nasionale skoolkoerantkompetisie.
- 2018: Wenner van Beeld se skoolkoerantkompetisie.
- 2017: Top 10 in Media24 se nasionale skoolkoerantkompetisie.

REDAKSIE

- Die redaksie bestaan uit 24 lede met ‘n redakteur en subredakteur.
- Elke graad word verteenwoordig.
- Redaksielede doen navorsing vir verskeie tipes berigte en ontwikkel op dié manier hul ondervindingsveld.

HOE DOEN JY AANSOEK?

- Aansoeke sluit in September van elke jaar.
- Vereistes: ‘n Liefde vir skryf, goeie prestasie in tale en kreatiewe denke.
- Daar is geen addisionele kostes aan hierdie aktiwiteit verbonde nie.

Respek, Integriteit, Lojaliteit
R·I·L
#GRENSLOOS

NAVRAE

alma.vdwalt@klofies.co.za

DIE DOEL VAN DIE KLOFIEKAN IS OM ...

- belangrike en interessante skoolnuusgebeure te deel.
- die lesers op hoogte te hou van gebeure deur middel van nuusberigte, rubrieke, resensies, ondersoekende berigte en onderhoude.
- die ligter/humoristiese kant van die skoollewe met die lesers te deel.
- lesers bloot te stel aan kreatiewe speletjies en fotoraaie.
- leerders die geleentheid te gee om joernalistieke vaardighede te ontwikkel.

DIE PRODUKSIESIKLUS

- Die koerant word aan die einde van elke kwartaal uitgegee.
- Die inhoud van die koerant (artikels, speletjies, foto’s, in-diepte ondersoeke, advertensies ensovoorts) word bespreek en beplan.
- Elke redaksielid ontvang ‘n lys artikels vir navorsing en reël van onderhoude.
- Keerdatums word vasgestel en artikels word geproeflees.
- Die bladuitleg word deur die redakteur en subredakteur bespreek waarna ‘n grafiese ontwerper hul met die uitleg bystaan.
- Twee weke voor die verspreiding word die koerant na die drukkers gestuur.
- ‘n Proef voorbeeld word ontvang wat finaal goedgekeur word voordat die koerant gedruk word.

ONTMOETINGSTYE

- `n Intensiewe werkswinkel in Januarie onder leiding van die redakteur en subredakteur; doelwitte vir die jaar word vasgestel en aksieplanne word bespreek.
- Elke Woensdag tydens pouse.
- Korter werkswinkels vind aan die begin van elke kwartaal plaas.

SKOOLKOERANTKOMPETISIE

Ons neem jaarliks aan Beeld en/of Media24 se nasionale skoolkoerantkompetisie deel.

#grensloos